

HOOFSTUK VI

SAMEVATTING GEVOLGTREKKINGS EN VERDERE NAVORSING

INLEIDING

In hierdie studie is etnografiese inligting oor die Suid-Sotho in Qwaqwa soos dit in die kontemporêre gemeenskap voorkom ingesamel. Enkele verwysings na die vroeëre tradisionele gebruike word gemaak. Inligting na die verskynsel van dans in hul kultuur, as kultuurprodukt, is ingesamel. Data oor die tradisionele in hierdie verband is ook waar moontlik bekom. Van die sosio-etniese danse is vier gekies wat gedokumenteer is vir die bewaring van die Suid-Sotho en vir verspreiding na ander volksgroepe. In laasgenoemde konteks is die danse vanuit 'n opvoedkundige oogpunt bespreek en die opvoedkundige waarde vir die Liggaamlike Opvoeding-program vir meisies in blanke skole is uitgelig.

6.1 Bevindinge

6.1.1 Etnografiese inligting

In Qwaqwa woon hoofsaaklik twee stamme naamlik die Kwena en die Tlokwa wat 'n deel uitmaak van die Suid-Sotho-groep. Die Suid-Sotho het 'n veelbewoë geskiedenis en is waarskynlik die swaarste getref deur die difaqane, (Bruwer, 1956:21) - 'n tyd van groot terugslae, oorlog en hongersnood (How, 1954:66). In hierdie tyd onderskei die Kwenahoofman Moshoeshe, hom as 'n sterk leier. Hy bied beskerming aan die verstrooide en verbrokkelde stamme. Onder sy leiding bou hy die eintlike Basothonasië op. Hierdie stamme was van velerlei oorsprong en het sowel Sotho- as Ngunigroepe ingesluit. Binne die nasie-eenheid is daar duidelike seksies te onderskei wat 'n eie identiteit bewaar het. Moshoeshe het aan die Kwena-seksie behoort. 'n Tweede onderskeibare groep was die Kgatla-seksie wat die Sia en die Tlokwa ingesluit het (Bruwer, 1956:21,22). Die Suid-Sotho was vanaf 1801 in aanraking met blankes,

naamlik sendelinge, ontdekkingsreisigers en winkeliers (Lye, 1980:58). Groot invloed op die Suid-Sotho se lewensstyl word uitgeoefen deur die bedreiging van 'n tegnologie meer ontwikkelde Westerse aanslag (Mapena, 1970:58). Die invloed van die sendelinge het tot gevolg 'n impak van Christendom op die nog heidense stamme (Mapena, 1970:66). Ook het die sendingkerke die tradisies soos "lobola", veelwywery, huwelike en weduwees, manlike en veral vroulike besnyding, rituele moord, townary, reënmaking en die drink van verdowingsmiddels afgekeur. Sommige sendelinge het ook die danse en oesfeestelikhede geopponeer (Mapena, 1970:67). Die sendingstasies lok reisigers wat weer 'n invloed het op die maak van handewerk.

In 1875 en 1876 is die twee stamme in Qwaqwa gevestig. In die politieke organisasie word die ou stamstelsel nog gevolg, alhoewel daar 'n sentrale regering is wat as die Wetgewende Vergadering bekend staan en saamgestel is uit raadsmanne van die twee stamme en die twee stamkapteins. Die tradisionele stamstelsel funksioneer tans nog.

Die ekonomiese stelsel is besig om te ontwikkel in 'n Westerse styl wat betref groot boerderyprojekte en fabriek. Tog word grond nog uitgegee vir bewerking en weiding op die tradisionele wyse en het elke huishouding en stat eie tuinbou-aktiwiteite.

Dit blyk dat die meeste rituele en gebruike by die sosiale organisasie verval het, alhoewel daar hier en daar nog gebruike is wat die simboliese betekenis behou het. Sover bekend word inisiasieskole deur sommige mense bygewoon met die tradisionele fees en danse en gebruike daaraan verbode alhoewel sommige rituele nie meer so streng toegepas word soos in die vorige eeue nie. Huwelike het verwesters hoewel die bohadi-stelsel nog in gebruik is. Sekere rites by die huwelikeremonies het uitgesterf. Die rituele en rites by dood en begraving het uitgesterf alhoewel

daar nog geslag word vir begrafnisse wat verder op Westerse wyse in die kerk gehou word deur die verskillende kerkgenootskappe. Poligame huwelike kom sover bekend nie meer voor nie. Dit beïnvloed die woonwyse. Die nuwe woongebiede in Qwaqwa bestaan uit enkelhuise volgens Westerse styl. Die ouer woongebiede bestaan volgens tradisie nog uit statte met sy eenvoudige huishoudings en familie-wooneenhede.

Die religieuse organisasie toon 'n verwestering en 'n sinkretistiese vermenging van die ware God en die animistiese opperwesebegrip. Die geloof in die voorvadergeeste toon 'n sinkretisme sowel as 'n dualisme. Die rituele funksionaries bestaan nog, alhoewel hulle in 'n mindere mate voorkom as in vroeëre tye. Magiese beskerming en genesing word nog, maar in 'n mindere mate, bedryf. Die rituele rondom reënmaakery het uitgesterf en mense bid in die kerke om reën. Danse maak 'n deel uit van die Suid-Sotho se kultuur en word nog beoefen.

Uit die gegewens is dit duidelik dat gebruike en gewoontes vandag soms net 'n simboliese betekenis het. Die poging om iets van die tradisionele kultuur te behou, loop uit op 'n definitiewe sinkretisme en soms kultuur dualisme

6.1.2 Dans in die kultuur van die Suid-Sotho

Onder die Tlokwa en Kwena het dans as deel van die kultuur van die Suid-Sotho behoue gebly. Dans word bestempel as 'n verskynsel in eie reg deurdat dit onafskeidbaar is van die mense wat dans (Royce, 1980:32) en kom so na vore onder die Tlokwa en Kwena van Qwaqwa. Deurdat dans teengestaan en in sommige gevalle verbied is deur die vroeë sendelinge, het baie van die mense nie meer gedans nie. Aangesien dans so 'n deel van die kultuur is en gewoonlik 'n boodskap dra is dans wel deur sommige oorgedra aan die volgende geslag. Daar is tans 'n oplewing in die behoud van kulturele tradisies in Qwaqwa en die meeste danse word dwarsoor

die hele gebied gedans. Dans het dus as ekpressiewe handeling behoue gebly omdat die Tlokwa en Kwena hul identiteit en gevoel van solidariteit wou bewaar. Royce (1980:154) beweer dat mense nie opgehou dans het nie, maar soos die samelewing ontwikkel en verander, het die vorm en funksie van die danse verander. In Qwaqwa het die danse by oordraging verander as gevolg van menslike faktore soos geheue en interpretasie-afwykings. Hierby moet die invloed van ander kulture soos dié van die Blanke en Zulu ook gereken word.

Daar is aanduidings dat die taal, te wete die spelling, verander het; kleredrag het verwesters alhoewel in sommige gevalle die ou tradisionele kleredrag behoue gebly het; huise word dikwels volgens Westerse style gebou; godsdiens het deels en in sommige gevalle heeltemal Christelik geword; van die ou musiekinstrumente het in onbruik geraak alhoewel die morupa (trom) en die sekupu (trom) nog gebruik word. Nuwe koorwerke en nuwe dansliedjies is gekomponeer en die dansvorm het verander. By al hierdie aspekte van hul kultuur het 'n mate van die ou tradisie tog behoue gebly.

Dans is nou vervleg met die kultuur van die twee stamme van Qwaqwa en kom voor onder alle ouderdomsgroepe en beide geslagte en word aangetref binne die verwysingsraamwerk van die lewensiklus. Dit is duidelik dat alhoewel die danse in Qwaqwa hoofsaaklik sosio-ontspanningsdanse is, die dans 'n mate van nuttigheids waarde het en ook in die oordra van 'n boodskap figureer. Die motivering om te dans lê opgesluit in die begeerte om dans as kultuurkomponent te bewaar, die voorvaders te vereer (in sommige gevalle), die meerdere te vereer en die gevoel van solidariteit en plesierige samesyn te ervaar. Die laasgenoemde vier aspekte vorm die gemanifesteerde funksies van meeste van die danse. Die begeleiding van iemand na 'n volgende lewensiklus gaan gepaard met die oordra van 'n boodskap en solidariteitskepping duer middel van dans.

Tradisionele danse word dus nog in Qwaqwa gedans ten spyte van verwestering. Dans is vir die Suid-Sotho 'n belewing, 'n uitlewing, interkommunikasie binne die groep wat dans, 'n groepsgebondenheid en 'n "gesprekvoering" en wisselwerking tussen die dansers en die toeskouers.

Die vrouedanse wat geïdentifiseer is, is die mokgibo (wat as die nasionale vrouedans beskou word); ledingwana (voor die inisiasie van die meisie); thojane (na die inisiasie saam met die meisies en mans); moqoqopelo (solodansers wat elk 'n eie ritmepatroon en passekwens dans); famu (wat as ongewens en immoreel beskou word); timiti ('n gesellige dans by die hutte - dit kom nog selde voor). Die mokgibo, speldansies, meisiedanse, bale-dansen (inisiasiedanse), ndlamu ('n dans met 'n Zulu-inslag) bruilofsdanse en die mokopu word deur meisies gedans. Laasgenoemde twee soorte danse kan deur 'n gemengde dansgroep ook gedans word. Seuns en mans dans betreklik min weens die groot persentasie trekarbeiders wat elders in die Republiek werk. Seuns dans die volgende mansdansen wat in Qwaqwa geïdentifiseer is: mohobelo en diphota, asook ndlamu en inisiasiedanse. Die mans dans die mokorotlo tydens die inisiasie van seuns en laastens, in 'n baie klein mate, die setapo ('n stapdans) wat feitlik uitgestorwe is. Danse van toordokters en waarseërs kom nog voor in Qwaqwa.

Die mokgibo word tydens groot feeste, samekomste, vieringe van een of ander aard en die Nasionale Dag van Qwaqwa gedans. Die moqoqopelo word by verjaarsdae en samekomste gedans. Die ledingwana en thojane kom voor tydens die inisiasiefees van die meisie maar eersgenoemde word ook by feeste deur die vroue alleen gedans. Die bruilofsdanse is gebeurtenisgebonden alhoewel dit soms vir die vrolike samesyn deur meisies of gemengde groepe gedans word. Die mohobelo word hoofsaaklik tydens groot feeste en die Nasionale Dag van Qwaqwa deur myndansgroepe gedans. Die diphota word op kleiner byeenkomste vir die sosiale saamver-

keer gedans. Die danse word oor die algemeen dwarsdeur die jaar gedans behalwe gedurende die koudste wintermaande. Die setapo en mokopu kom selde nog voor en is redelik onbekend teenoor die bogenoemde danse wat gereeld nog gedans word. Inisiasiedanse kom nog voor tydens inisiasieskole, maar min is hieroor bekend.

Die mokgibo word in 'n knielende posisie, wat afgewissel word met 'n knielsitposisie, gedans. 'n Verdere hoofkenmerk is die beweging van die nek/skof vorentoe en agtertoe wat poliritmies saamval met armswaai. Hierdie dans verg tegniese vaardigheid en koördinasie. Die ledingwana-vrouedans word gekenmerk deur die stadige en rustige bewegings van voete en arms. Die thojane se tempo is vinniger en het klein spronge in die paskonstrakte. Die moqoqopelo vrouedans en die diphatha-mansdans word gekenmerk deur die vinnige en individuele ritmepatrone van solodansers wat een na die ander optree. Die bruilofsdanse se voetbewegings word lig en fyn en in 'n speels-tergerigheid uitgevoer teenoor die kragtige vertoon van die mohobelo-mansdans wat gekenmerk word deur die hooglig en neersit van die voete. Die bewegings is oor die algemeen nog tradisioneel en het basies behoue gebly. Daar het egter nuwe bewegings en variasies by sekere danse bygekom.

Die mokgibo, ledingwana en thojane word gedans in die kleurvolle tradisionele rokke en groot kopstukke terwyl die moqoqopelo in Westerse drag met die tradisionele kleurvolle kombes om die skouers voorkom. In laasgenoemde dans word spesifiek met die kombes gespog. Sommige meisiegroepe dans die mokgibo in die tradisionele thethane en ander in 'n rompie gemaak van een of ander stof. Die tradisionele kleredrag en versierings word nog oorheersend gedra vir dansoptredes. Meisie- en seuns-danse, bruilofsdanse, speldanse en die mohobelo word in hedendaagse klere gedans. Die gebruik van 'n voorwerp in die reghetrande, hetsy 'n beesstart, 'n kiere, sambok, stokkie of 'n skildjie (tans simbolies en soms as versiering), weerspieël die gevoel

van krag en solidariteit en om 'n Suid-Sotho te wees.

Die begeleiding vir al die danse bestaan uit sang en handeklap. Vir sommige danse word 'n fluitjie in ritmepatrone geblaas of net om die volgende dansdeel aan te dui. Die trom word vir die mokgibo, en sommige ledingwana en thojane gebruik. Die mohobelo word gekenmerk deur die groot sosiale trefkrag as volg van die univormige kleredrag en eenderse bewegings. In teenstelling met die groot trefkrag van die dans het dit 'n uiters eentonige sanbegeleiding.

Die tydmaatwissel van $\frac{2}{4}$ -tyd tot $\frac{3}{8}$ -tyd vir alle danse. 'n Interessante kenmerk is die gemengde tydmaat waarin sommige mokgibo gedans word. Afgesien van die meerderes soos 'n kaptein of hoofman of voorvaders wat vereer word deur die liedjies, by implikasie die dans, word van allerhande onderwerpe gesing soos, die natuur, diere, mense en familie en menseverhoudings.

'n Algemene verskynsel by alle dansgebeurtenisse is die vroue se gewoonte en wyse waarop waardering vir en aanmoediging aan die dansers gegee word. Die vroue beweeg hul tong heen en weer in die mond en dit gaan met 'n skril geskree gepaard. Dit staan as modidietsani bekend. Daar bestaan 'n sterk wisselwerking tussen die dansers, begeleiers en die toeskouers. Laasgenoemde reageer op die boodskap wat deur die dansers en sangers oorgedra word en gee ook aanmoediging aan die dansers.

6.1.3 Die dokumentasie van vier gekose danse

Die kriteria wat gekies is vir die ontleding van die danse is choreologies en danskundig van aard. Die choreologiese ontleding dek die kulturele aspek en die dansgebeurtenis wat betref die lokaliteit, tyd wanneer gedans, funksies, danspersoneel en materiële komponente. 'n Bewegingskundige ontleding is verskaf wat die glossarium en die beskrywing van die passekwenne en die tegniese

bewegingsontleding insluit. Laasgenoemde behels liggaamsbewegings- en omgewingsaspekte. Die danskundige ontleding sluit die notasie van die dans en die choreografiese ontleding in. Laasgenoemde sluit die begeleiding, inhoud, komposisie-beginsels en die duur van die dans in. Die volgende vier meisie- en vrouedanse is gedokumenteer: 'n bruilofsdansie (Ausi o mamele - meisie jou hart moet gehoorsaam wees), 'n speldansie (Tikwe ha malome - by die plek van my oom), 'n ledingwana-vrouedans (Diponono ha kena basadi ba Ma Rashea - mooi nooientjies, daar kom die vrouens van die Russe) en 'n moqoqopelo - vrouedans (Ke lelekuwê bohadi - ek is van my skoonwerf weggeja).

Vir die bruilofsdans en die ledingwana-vrouedans begelei die dansers hulleself met sang en handeklap en die blaas van 'n fluitjie. 'n Groep musikante sing en klap hande vir die dansers van die ander twee danse. Die dansers van die bruilofs- en speldansie klap self hande op sekere momente en dit dien as aksente en liggaamsperkussie. Die volgende aspekte is kenmerkend van die danse: die danse het min hoogtevariasie wat beweging betref behalwe die speldansie wat elevasie-spronge bevat. Die liggaamshouding is deurgaans ontspanne en natuurlik en wissel van 'n natuurlike regop tot 'n effens vooroorneiging van die romp, die kopfokus wat merendeel vorentoe grondwaarts gerig is en die effense uitstoot van die sitvlak. Die arms en knieë word feitlik deurgaans in 'n meerdere of mindere mate in fleksie gehou en beweeg. Die voete word in 'n dorsifleksieposisie gehou en hoofsaaklik heupbreedte van mekaar geplaas. Die hele sooloppervlak maak met die grond kontak met die uitsondering van die afstoot en landing van die spronge tydens die speldansie.

Die paskonstrukte wat voorkom in die vier danse is tree, trap, stamp, wip, leep, spring en hop. Die passekwense is saamgestel uit verskillende groeperings van genoemde konstrukte en verskil van dans tot dans. 'n Tipiese passekwens van die bruilofsdansie

is die leoto pele morao-passekwens variasie II (TREE-TREE-TREE-TRAP) en kom in alle bruilofsdanse voor. Speldansies word gekenmerk deur elevasiespronge. Die ledingwana-vrouedans word oral dieselfde gedans met klein variasie van die voetuitvoering in enkele gevalle. 'n Uitstaande kenmerk van hierdie dans is die rustigheid van bewegings. Die voetbewegings van die moqoqo-pelo-vrouedans is lewendig. Die uitstaande kenmerk wat hierdie dans uniek maak is dat die dans deur enkeldansers gedans word wat een-een na mekaar optree en elkeen haar eie (en vinnige) ritmepatroon en passekwense uitvoer, terwyl sy met die kombes spog. Interessant is dat hierdie dans gechoreografeer is deur leke! Die natuurlike talent van die Suid-Sotho-vrou as kultuurskepper kom duidelik na vore deurdat elke dans komposisiebeginsels bevat, naamlik variasie, herhaling, kontras en harmonie en vorm in komposisie het.

6.1.4 Etniese dans in die Liggaamlike Opvoedingprogram

Om die geskiktheid vir die insluiting van sekere vroue- en meisiedanse van die Suid-Sotho vir die Liggaamlike Opvoedingprogram vir meisies te fundeer, is 'n kriterium daargestel waarvolgens die spesifieke vier danse, in aansluiting by die relevante doelstellings van die Liggaamlike Opvoedingprogram gekies is. Die kriterium het vereis dat by die keuse van 'n dans toegesien moes word dat dit aan 'n sosiaal-rekreatiewe eis moes voldoen, geskik moes wees as middel tot bereiking van die kulturele doelstelling in die Volksdansprogram van die Liggaamlike Opvoedingprogram vir meisies en dat dit aanvaarbaarheid vir die Suid-Sotho moes besit om in die blanke skole aangebied te word. Die sekondêre oorwegings vir die keuse van die danse volgens die kriterium is dat die danse kenmerkend en verteenwoordigend van die Suid-Sotho en hul kultuur moet wees; dat die danse van verskillende ouderdomsgroepe en by voorkeur vroue- en meisiedanse moet wees, dat die tegniek en styl 'n uitdaging vir bemeestering binne die vaardigheidspeil van die meisie moet wees en groepsbetrokkenheid moet verg. Die Liggaamlike Opvoedkundige doelstellings wat die keuses steun is dié van kultuurverryking, bewegingsontwikkeling, affektiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling van die meisie.

In die huidige bestel van onderwys en opvoeding is die vaslegging van eie kultuur en die waardering vir die kultuur van ander relevant. In die nuwe hersiene sillabus wat binnekort geïmplementeer sal word, word voorsiening gemaak vir die insluiting van etniese dans in die dansafdeling van die Liggaamlike Opvoedingprogram vir meisies. Die vier gekose danse is wel geskik en aanvaarbaar gevind vir die blanke kurrikulum en ook vir onderwysleiers van Qwaqwa vir insluiting in die kurrikulum van die Liggaamlike Opvoedingprogram vir blanke meisies. Die implikasie vir die implementering van die etniese danse dui op indiensopleiding van onderwyseresse en dat spesiale aandag aan genoemde danse in die opleidingskursusse van onderwyseresse gegee moet word.

6.2 Gevolgtrekkings

6.2.1 Die Suid-Sotho van Qwaqwa is nog kultuurvas ten spyte van verwestering en daar word gepoog om iets van die tradisionele kultuur te behou.

6.2.2 Sommige tradisionele gebruike word nog beoefen. In sommige gevalle het tradisionele gewoontes en gebruike net simboliese betekenis en is 'n sinkretisme en soms dualisme in die kultuuruitlewing te bespeur.

6.2.3 Kultuurprodukte in tradisionele sin, waarvan dans 'n vername is, is nog te bespeur, ten spyte van die feit dat dans verbied was deur sekere kerkgenootskappe. Die vervlegdheid van dans in die kultuur kom sterk na vore.

6.2.4 Tradisionele dans kom oor die hele gebied nog voor. Die genot om te dans en dans waar te neem is duidelik waarneembaar by alle dansgroepe en toeskouers. Dit is veral die danse van vrouens

en meisies wat voorkom. Seuns en mans dans minder. Hierdie feit is toe te skryf aan die groot persentasie manlike trekarbeiders wat in die R.S.A. werksaam is.

6.2.5 Tradisionele dans speel nog 'n rol in die verskillende oorgangsfases van die lewensiklus alhoewel in 'n kleiner mate as vroeër en is nie meer so gebeurtenisgebonden nie. Geen religieuse danse bestaan nie. Oor die algemeen word dans ook nie in 'n distrik toegelaat wanneer daar 'n begrafenis plaasvind nie.

6.2.6 Dans en musiek is vir die Suid-Sotho onskeibaar en bestaan as 'n eenheid ten spyte van verskille in tydmaat en ritme wat "teen" mekaar en tog harmonies verloop. Tracey (1982:8) verwys na dié hegte verbintenis met die volgende stelling: *"The dance action is always timed against something else, and usually cannot be done at all unless the other element is there."*

6.2.7 Die tradisionele struktuur van die danse is nog tradisioneel wat komposisie betref. Die mokgibo word met baie variasies gedans alhoewel die basiese beweging van die skof/nek en armbewegings dieselfde gebly het.

6.2.8 Die gemanifesteerde funksies van 'n boodskap oordra - die verering van 'n meerdere en die solidariteitsgevoel wat tydens 'n dans ervaar word is dieselfde alhoewel veranderinge tog ingetree het by veral die mokgibo en mohobelo.

6.2.9 Die kontekstuele inhoud van die liedjies het verander.

6.2.10 Die Suid-Sotho beleef dans in passekwense. Die danse het vorm in komposisie, het sekere komposisiebeginsels en word as sodanig gechoreografeer. Herhaling van passekwense is 'n uitstaande komposisiebeginsel.

6.2.11 Die bepaalde gekose Suid-Sotho-danse is opvoedkundig bruikbaar in die Liggamlike Opvoedingprogram vir meisies. Dit skakel

met die relevante kulturele doelstellings van die program en pas dus in by die Volksdansafdeling.

6.3 Aanbevelings vir verdere navorsing

6.3.1 Die danse van die Suid-Sotho in Qwaqwa wat nie gedokumenteer is nie behoort nagevors en gedokumenteer te word.

6.3.2 Musiek en dans is nou vervleg met mekaar. Die musiek, dit wil sê die begeleiding vir die danse van die Suid-Sotho, bied vanuit 'n musiek-etnologiese oogpunt besondere moontlikhede vir ondersoek vanweë die eiesoortige aard daarvan.

6.3.3 Die historiese verloop en agtergrond van die tradisionele Suid-Sotho-danse soos dit tans voorkom, insluitend die transkulturasie wat plaasgevind het, is 'n studieveld wat veelal nog onontgin is.

6.3.4 Die aanvaarding of nie-aanvaarding van bepaalde Suid-Sotho-danse vanuit 'n Christelike oogpunt is 'n interessante en noodsaaklike studieveld.